

16 November

Skrifgedeelte: Esegïel 36:25-28

Fokusgedeelte: Esegïel 36:25-28; Heidelbergse Kategismus Sondag 21 (v/a 55)

Die gemeenskap van die heiliges

'n Gemeenskap is 'n sekere groep mense wat iets in gemeen het. So is die kerk ook 'n gemeenskap, maar 'n baie besondere gemeenskap: Die gemeenskap van die heiliges.

Wat is dit wat ons en al die gelowiges regoor die wêreld in gemeen het? Die skatte en gawes van Christus. Dit maak van ons beslis die mees bevoorregte gemeenskap ter wêreld.

Wat doen die skatte en gawes van Christus aan my? Dit verander my. Dit maak my 'n heilige. Baie mense verstaan die woord "heilige" verkeerd. Vir hulle beteken "'n heilige" iemand wat minder sonde as die gewone mens doen. Maar dit is nie wat die Bybel ons leer nie. Die Bybel vertel ons hoe Jesus gewone mense heilig maak: Hy gee aan hulle sy skatte en gawes, sy Heilige Gees. Hulle harte word verander. Selfsugtige mense word gehoorsame mense; mense wat hulle eie eer gesoek het, word mense wat God se eer soek. Hierdie dinge gebeur in die hart van elke gelowige. Elke gelowige is 'n heilige.

Hy gee nooit sy gawes sonder rede nie. Hy het 'n plan met my in die gemeenskap van die heiliges. Die Heidelbergse Kategismus sê dat ons ons gawes "tot nut en saligheid" van die ander lede moet aanwend. 'n Gelowige is iemand wat werk vir sy gawes begin soek. Dit begin soos 'n vuur in hom brand. Hy wil die Here dien. "Hoe kan ek dit wat die Here vir my gegee het, gebruik? Hoe kan ek dit gebruik om te help bou aan die gemeente waarin Hy my geplaas het?"

Sing: Skrifberyming 8-1 (14)

Ds. D van't Zand (Witpoortjie)